Verwysing: 20210318-1706
Lêernommer: 13/25/2
Navrae: Z. Isaacs

Eksamenadministrasieminuut: 0003/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike eksamensentrums

Onderwerp: Oudit van openbare en onafhanklike eksamensentrums wat die 2021 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens aanbied

1. Ingevolge Regulasie 27(2) van die *Nasionale Beleid met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 37651 van 16 Mei 2014, "moet alle eksamensentrums deur 'n amptenaar van die assesseringsliggaam geëvalueer word om te verifieer dat al die nodige fasiliteite wat vir die aflê van die eksamen verlang word, by die sentrum beskikbaar is".

2. Prinsipale moet jaarliks 'n ouditinstrument invul waarin die gereedheid om die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)/Senior Sertifikaat (SS) -eksamens aan te bied, weergegee word. Die ouditinstrument moet vanaf 2021 elektronies ingevul word en kan op SOBIS onder die kieslys: "Exams/Assessments, Exam centre audit instrument" gevind word.

3. Alle skole wat die NSS/SS eksamens in 2021 aanbied, moet die elektroniese ouditinstrument invul. Die keerdatum vir die invul van die elektroniese ouditinstrument is 31 Mei 2021.

4. Die ingevulde elektroniese ouditinstrument moet deur die prinsipaal en kringbestuurder op SOBIS afgeteken word.

5. Elke sentrum waar die eksamen geskryf word, moet 'n geldige gesondheids- en veiligheidsertifikaat en 'n sertifikaat vir brandtoerustingsdiens oorplaas wanneer die elektroniese ouditinstrument ingedien word.

6. Benewens ander sekuriteitsmaatreëls, moet hoogstens die volgende vyf sekuriteitsmaatstawwe by alle eksamensentrums in werking gestel wees:
   - Dubbele sluitstelsel, aangesien die dubbele sluitstelselbeginsel in werking gestel moet word.
   - Sleutelhouers betreffende die dubbele sluitstelsel, moet lede van die skoolbestuurspan wees.
   - 'n Veiligheidswag moet beskikbaar wees om toegang tot die perseel te beheer.
   - Die sentrum moet 'n instapkluis hê.
   - Die instapkluis moet ruimte vir die bewaring van eksamenskryfbehoeftes hê.

7. Amptenare van die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal skole kontak om 'n datum en tyd vir 'n ouditbesoek by die eksamensentrum te reël.

8. Besoeke sal vanaf April tot en met September 2021 plaasvind.

9. Waar die eksamenkode herhaaldelik oortree word, kan 'n sentrum sy eksamenssentrumstatus verbeur.

10. Leerders van onafhanklike skole sal nie gesertifiseer word as die onafhanklike skool nie by Umalusi geakkrediteer is nie.

11. Hierdie minuut moet saamgelees word met Eksamenadministrasieminuut: 0011/2019 van 15 Oktober 2019.

12. Die inhoud van hierdie minuut moet onder die aandag van alle personeellede wat verantwoordelik vir die hantering van 2021 se NSS-eksamen by skole is, gebring word.

13. Kom asseblief met mnr. Zane Isaacs by telefoonnommer 021 467 2942 of per e-pos by Zane.Isaacs@westerncape.gov.za in aanraking vir enige navrae.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-03-31